

**KURATORIUM VEREISTES VIR VOORNEMENDE TEOLOGIE STUDENTE WAT
AANSOEK DOEN OM 'N BEURSTOELAE**

Beste Voornemende Teologie Student!

Ons is baie bly dat jy jou wil bekwaam as leraar in die NG Kerk.

Die amp van evangeliedienaar asook jou geestelike, akademiese en persoonlikheids groei is vir die kerk so belangrik dat die Sinode spesiaal 'n kommissie van die Kuratorium aangestel het om volgens die kerk se A-Z Beleid aangaande predikante, jou te keur (dit geskied vroeg in jou 1^{ste} jaar), en met sorg te begelei en uiteindelik aan te beveel vir die bediening.

Alvorens hierdie proses aan die gang kan kom, het ons nodig dat jy vir ons die stappe hieronder deeglik volg:

Proses en vereistes soos uiteengesit in die A-Z Beleid vir kandidate wat beplan om aansoek te doen om Teologie te studeer met die doel om predikant te word in die NG Kerk.

1. Kandidaat moet aanmeld by sy/haar Gemeentepredikant. Bespreek die roepingsbewussyn met 'n predikant van die NG Kerk.
2. Gemeentepredikant voer 'n voorlopige gesprek oor roeping en profiel van die kandidaat.
3. Kandidaat voltooi **Vorm A** : Aanmeldingsvorm (sien aangeheg).
4. Die **voltooide Vorm A: Aanmeldingsvorm** moet die kandidaat se beursaansoek vergesel en **ingehandig word by die NG Kerk Vrystaat se Sinodale Kantoor te Van Heerdenweg 20, Bloemfontein.**
5. 'n Kopie van **Vorm A (Aanmeldingsvorm)** moet asseblief deurgee word aan jou "Sturende Gemeente" (die gemeente waar jy vandaan kom) sodat die Kerkraad, na goedkeuring, die aansoek van die kandidaat by die Ring kan aanbeveel en dit aan die Kuratorium gestuur kan word vir die keuringsproses aan die begin van jou eerstejaar studies.
6. Die Kuratorium sal die Sturende Gemeente en leraar kontak (nav die besonderhede soos die kandidaat dit op Vorm A aangedui het) soos uiteengesit in die A-Z Beleid om op te volg insake die aanbeveling.

Ons sien uit om jou te ontmoet wanneer jy met jou studies begin! Die Kuratorium wil graag saam jou die pad stap deur jou opleidingsjare, 'n voorreg wat ons met groot liefde en deeglikheid wil doen.

Navrae tov die Kuratorium vereistes kan gerig word aan: Die Skriba, kuratorium@ngkvs.co.za of tel. nr 072 215 2917.

